higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## VERVOERBEDRYF
## NKR VLAK 4

(11020334)

**15 November 2022 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**



Copyright reserved

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 150**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ‘n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Aandag aan maatskaplike faktore by die werk, groepe, en mense se gedrag:

A Stelsels
B Bestuursteorie
C Menseverhoudinge
D Klassiek

1.2 Waarheen ‘n onderneming op lang termyn op pad is:

A Rigting
B Mark
C Voordeel
D Omgewing

1.3 Neem besluite oor etikette of verpakking:

A Aankope
B Finansies
C Produksie
D Bemarking

1.4 Die deursnee van die kleinste ronde draai wat ‘n voertuig kan maak:

A Wielbasis
B Tare
C Draairadius
D Dryfkrag (‘Prime mover’)

1.5 Word uitgereik vir ‘n tydperk van tussen een week en twaalf maande, en is geldig vir ‘n bepaalde area:

A Ritpermit
B Areapermit
C Roetepermit
D Landswye permit

1.6 Verwys na ‘n evaluering van ‘n bepaalde afdeling van die hyser-en-vervoeroperasie.

A ‘n Taakrisiko-evaluering
B ‘n Hyserplan
C ‘n Risiko-evalueringsmatriks
D Mutagenisiteit

Kopiereg voorbehou 

1.7 Uitersterisiko- gevaarlike afval word gegroepeer in …

A Gevaargradering 1
B Gevaargradering 2
C Gevaargradering 3
D Gevaargradering 4

1.8 Die volgende is nie ‘n interne noodhulpbron vir ‘n gevaarlikegoedere-noodplan nie

A Brandbestrydingstoerusting
B Noodhulptoerusting
C Areapermit
D Spesialistoerusting

1.9 Die Internasionale Burgerlugvaartorganisasie val onder … -vervoer.

A see
B lug
C land: pad
D land: spoor

1.10 Die Ebola-virus is ‘n …

A radioaktiewe materiaal.
B gifstof.
C organiese peroksied.
D aansteeklike stof.

(10 × 1) **[10]**

**VRAAG 2**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Bedryfsbestuur is relevant vir alle dele van ‘n vervoeronderneming.

2.2 Kaapstad se Geïntegreerde Snelvervoerstelsel staan bekend as MyCiti.

2.3 Bokoste sluit al daardie koste in wat direk aan enige voertuig in ‘n vervoeronderneming toegeskryf word.

2.4 Voorwaartse koste sluit items in soos reklame, verspreiding, en verkoopskommissie.

2.5 Die evaluering van ‘n roete en verkryging van roeteklaring vir ‘n abnormale vrag is die klant se taak.

2.6 Veiligheid en sekuriteit moet in aanmerking geneem word tydens die ontvangs en aanvaarding van abnormale vragte op die terrein.

Kopiereg voorbehou 

2.7 Wanneer ‘n enkelbegeleier gebruik word, moet dit tussen 12 m en 35 m agter die abnormale voertuig bly.

2.8 ‘n Gevaarlikegoedere-verklaring moet deur die operateur en die gekonsigneerde van die voertuig onderteken word.

2.9 ‘n Radioaktiewegoedere-permit moet op ‘n voertuig wat Klas 1-stoffe Vervoer, vertoon word.

2.10 Gevaarlike goedere moet verenigbaar wees indien ‘n uiteenlopende vrag (multi-vrag) gevaarlike goedere op ‘n voertuig vervoer word.

(10 × 1) **[10]**

**VRAAG 3**

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n item/term/beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Al die aktiwiteite wat nodig is om aan ‘n klant se versoek te voldoen | A | koop en loop |
| 3.2 | Hierdie onderneming raak al hoe belangriker in groothandel | B | oksideerders |
| 3.3 | Diamantvormig en in helftes verdeel | C | bedrywighede |
| 3.4 | Vrag wat regtens 300 mm agter die voorkant van die voertuig mag uitsteek | D | gevaar-etikette |
| 3.5 | Nie noodwendig vlambaar op sigself nie | E | vragprojeksie/ uitsteking |

(5 × 1) **[5]**

## VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 … is die tipiese beweging van mense of produkte van waar hulle is na waarheen hulle moet wees.

4.2 'n … dien as 'n virtuele kern in die vloei van goedere in 'n voorsieningskettingstelsel.

4.3 'n … is 'n persoon of organisasie wat die verspreiding van goedere aan die uiteindelike verbruiker fasiliteer.

4.4 … word gebruik om vloeistowwe in uiters lae temperature te berg.

4.5 … is materiaal of items sonder gevaarlike kenmerke.

(5 × 1) **[5]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

## VRAAG 5

5.1 Bespreek VIER stappe wat regerings of plaaslike owerhede kan doen gedurende die beplanning en bestuur van vervoerdienste. (4 × 2) (8)

5.2 Onderskei tussen *Beleide* en *Prosesse*. (5)

5.3 Gee DRIE verantwoordelikhede van 'n verspreidingsbestuurder. (3 × 2) (6)

5.4 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat daarop volg:

> Die Covid-pandemie het ‘n geweldige uitwerking op die Naidoo-familie gehad. Mnr Naidoo sowel as sy broer het hul werk verloor. Mnr Naidoo se twee seuns, wat reeds hul skoolopleiding voltooi het, is albei werkloos. Hy kon dit nie bekostig om hulle verder te laat studeer nie. Mnr Naidoo het besluit om ‘n entrepreneur te word en sy twee seuns en broer in sy onderneming aangestel. Hy besit ‘n bakkie en ‘n ou mini-bus, wat albei in ‘n goeie toestand is. Hy merk op dat daar ‘n behoefte is aan ‘n vervoer-en-afleweringsdiens in sy omgewing.
> Omdat mnr Naidoo nie enige ervaring in die vervoersake-omgewing het nie, nader hy jou vir hulp.

5.4.1 Identifiseer die tipe sake-eienaarskap van mnr Naidoo se onderneming. (1)

5.4.2 Gee VIER voordele van die tipe eienaarskap wat hy gekies het. (4 × 2) (8)

5.4.3 Teken die organogram van mnr Naidoo se onderneming. (9)
**[37]**

**VRAAG 6**

6.1 Bespreek die uitwerking van ‘n effektiewe en goed geïntegreerde vervoerstelsel op ander bedrywe, onder die volgende opskrifte:

6.1.1 Toeganklikheid tot markte

6.1.2 Infrastruktuur

6.1.3 Beskikbaarheid van die arbeidsmag

(3 × 3) (9)

6.2 Gee DRIE areas buite die onderneming wat ‘n indirekte uitwerking op vervoerkoste het. (3)

6.3 Verduidelik die verskil tussen *Direkte koste* en *Indirekte koste* in ‘n vervoeronderneming, en gee voorbeelde om jou antwoord toe te lig. (5)

6.4 Definieer wat met ‘n *gedesentraliseerde verspreidingstelsel* bedoel word. (2)
**[19]**

**VRAAG 7**

7.1 Bestudeer die prent hier onder en beantwoord dan die vrae wat daarop volg:




[Bron: Abnormal Load Transport in Johannesburg, Durban & Richards Bay – *www.lovemore.co.za*]

7.1.1 Wat is die tipe vrag wat in die prent hier bo vervoer word? (1)

7.1.2 Identifiseer DRIE abnormalevrag-voertuie in die prent hier bo. (3)

7.1.3. Beskryf VIER abnormalevrag-merke wat 'n operateur vir die vrag hier bo kan gebruik. (4 × 2) (8)

7.2 Noem enige TWEE regsraamwerke met betrekking tot abnormalevrag-operateurs in die vervoerbedryf. (2 × 2) (4)

7.3 Bespreek hoe elk van die volgende vier faktore van ‘n voertuig se abnormale vrag die begeleidingsvereistes daarvan bepaal:
*wydte en lengte; hoogte; oorhang; vragprojeksie/uitsteking* (4 × 2) (8)

7.4 Verduidelik VIER risiko’s wat kan voorkom wanneer gelaaide voertuie beweeg word, veral in beperkte ruimtes. (4 × 2) (8)
**[32]**

**VRAAG 8**

8.1 Bespreek DRIE leidende beginsels wat noodsaaklik is vir die bestuur van gevaarlike afval. (3 × 2) (6)

8.2 Bespreek TWEE maniere om risiko’s te bekamp wanneer elk van die volgende vervoer word:
*Plofstof; bytstof; saamgeperste gas; radioaktiewe materiaal*
(4 × 2) (8)

8.3

| |
|---|
| Ingevolge SANS 10231 moet alle ongelukke waarby gevaarlikegoedere-voertuie betrokke is, binne 30 dae aan die NDOT gerapporteer word. (SABS, 2010) |

8.3.1 Noem TWEE items wat in die verslag van die operateur wat in ‘n gevaarlikegoederevrag-ongeluk op die pad betrokke is, ingesluit moet word. (2)

8.3.2 Noem TWEE departemente wat deur die operateur in kennis gestel moet word indien sy/haar voertuig in ‘n ongeluk betrokke is. (2)

8.4 Beskryf enige DRIE aspekte wat in ‘n gevaarlikegoedere-noodplan ingesluit moet word. (3 × 2) (6)

8.5 Alhoewel die reëls vir die vervoer van goedere en die bedrywighede wat daarmee gepaardgaan redelik konsekwent bly ongeag die vervoermetode, is daar belangrike ooreenkomste en verskille tussen die metodes.

Verduidelik kortliks VIER verskille in die bedrywighede vir die Vervoer van gevaarlike goedere deur middel van verskillende vervoermetodes.
(4 × 2) (8)
**[32]**

**TOTAAL AFDELING B: 120**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou